

Sondag 13 September

Skrifgedeelte: Ester 1:16-22

Fokusgedeelte: Ester 1:16-22

God se voorsienigheid vir sy volk te midde van groot gevaar

Wat 'n vreemde stuk geskiedenis! 'n Mens kom maar net meer en meer onder die indruk van hoe ver ons as mense geval het. Die eerste hoofstuk van Ester skets vir ons die agtergrond van die boek. Dit vertel van die karakters in hierdie groot verhaal. Dit sit die legkaartstukke op die tafel ...

Die stukke op die tafel is: Israel is in ballingskap, hulle word regeer deur koning Ahasveros, 'n man wat graag partytjies hou, wat maklik kwaad word, wat maklik voorgesê word deur sy amptenare, wat eintlik maar vir homself geleef het.

Sy eie eer en posisie is vir hom só belangrik dat hy nie eers skroom om in sy woede en dronkenskap sy vrou as koningin af te sê nie! Die bevel wat die koning uitvaardig om Vasti van haar amp te onthef, is in wese 'n beslissing oor wie die mag in die hand het en wat daar gebeur met enigeen wat hierdie mag uitdaag.

Wat gaan van Israel word onder so 'n mens? Onthou dat ons hier wonder oor die geroepe verbondsvolk van God, die volk wat die draer is van die belofte van die Messias!

Dis egter nie net Israel wat hier in 'n doodloopstraat is nie, die hele mensdom is (was)! Daar is nie een wat regverdig is nie, selfs nie een nie! Hoe gaan die mensdom uit die gemors (sondeval) waarin hy homself gedompel het, kan uitkom? Ons weet die antwoord, God kan lewe uit dood gebied. Hy stuur sy Seun, Hy kom red, Hy soek ons weer op!

Maar terug by die boek Ester ... Koningin Vasti is uit haar amp ontslaan, oneervolle ontslag. Wat gebeur volgende? Wat gaan koning Ahasveros nou doen? 'n Groter vraag: Waarmee is die Here besig, agter die skerms?

Sing: Psalm 93-2:1, 5

Ds. DG Zwemstra (Dinant) (Strand)